



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND
MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG,
6 MAART 2013 OM 10:00**

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Admininstrasie]
Voorsitter, rdl C H H Hunsinger [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Cloete, C M
Cox-Bruintjies, Y S
Geel, B W

Goliath, M S I
Humphreys, F S
Rangasamy, M
Sedeman, A C
Stemele, O M

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen in ex officio hoedanigheid.

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter, rdl M van Zyl heet almal welkom en versoek rdl O M Stemele om met gebed te open.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 6 FEBRUARIE 2013

BESLUIT

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 6 Februarie 2013 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE: MAANDVERSLAG, JANUARIE 2013

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7, 2/4/2)

5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

5.1.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

Die Munisipale Bestuurder (op navraag van rdl F S Humphreys) bevestig dat die inligting aangaande die verbruik van water deur sportklubs beskikbaar is. Waar sportklubs gebruik maak van gesuiwerde rioolwater, word bevestig dat alle sportklubs teen dieselfde tarief van ±R1,90 ingevolge die afgekondigde tariewe aangeslaan word. Hierdie tarief sal eersdaags hersien word wanneer die begroting vir die 2013/2014 finansiële jaar oorweeg word.

Mnr Scholtz noem verder dat die Munisipaliteit nie verantwoordelik is vir die toestand van die retensiedamme van die onderskeie sportklubs nie, en dat die heffing op die verbruik van water bereken word op die water wat in die damme gelewer word.

Mnr Scholtz bevestig dat slegs die Moorreesburg Gholfkлуб in privaat besit is, en dat gesprekke reeds geïnisieer is om moontlik die ander gholfkлубs ook te vervreem.

BESLUIT

(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direkoraat Korporatiewe Dienste en die Direkoraat Finansiële Dienste vir Januarie 2013;
- (b) Dat die voorsitter (rdl C H H Hunsinger) rdl F S Humphreys versoek om voormelde inligting aangaande die watertarief aan die betrokke sportklub te voorsien, en dat 'n skriftelike versoek aan die Munisipale Bestuurder gerig word indien daar nog verdere navrae is.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) C H H HUNSINGER
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z	Rust, N J A
Cleophas, J H	Stanley, B J
Fortuin, C	Van Zyl, M
Goliath, M S I	Wilskut, W
Papers, C H	Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen in ex officio hoedanigheid.

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:30 'n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl J I van der Merwe.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 6 FEBRUARIE 2013

BESLUIT

(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 6 Februarie 2013 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

4.1 MOORREESBURG RIOOLWERKE: BELUGTERS (7/1/2/2-4)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste doen breedvoerig verslag in die item tot die sakelys aangaande die werking van die Moorreesburg Rioolsuiweringswerke, en spesifiek die werking van 'n belugter. Daar is vir befondsing in die 2013/2014 aansoek gedoen vir 'n prosesondersoek en kapasiteit vasstelling deur 'n siviele ingenieursfirma wat die leemtes in die Moorreesburg Rioolsuiweringswerke sal uitwys.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag.

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE: MAANDVERSLAG, JANUARIE 2013

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die direkteure behandel die onderskeie verslae, en word –

BESLUIT/...

5.1/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Januarie 2013;

VERDER AANBEVEEL

- (b) Dat (op versoek van rdl J H Cleophas) die statistieke ten opsigte van pypbarste en waterlekkasies geskei word om spesifieke probleme met betrekking tot die infrastruktuur te kan identifiseer;
- (c) Dat kennis geneem word van die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit se versoek (by monde van 'n afvaardiging van Eskom) dat die publiek aangemoedig word om elektrisiteit, veral gedurende spitsyd vanaf 18:00 tot 20:00, spaarsamig te gebruik weens die groot tekort aan elektrisiteit wat deur Eskom ervaar word.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

**(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER**

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
 Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
 Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Geel, B W	Papers, C H
Goliath, M S I	Sneewe, A M
Hunsinger, C H H	Stanley, B J
Philander, D B	Van der Westhuizen, R F
Rangasamy, M	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen in ex officio hoedanigheid.

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
 Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
 Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
 Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
 Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
 Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
 Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
 Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:45 'n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl J I van der Merwe.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 6 FEBRUARIE 2013

BESLUIT

(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 6 Februarie 2013 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE: MAANDVERSLAG, JANUARIE 2013

- 5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
- 5.1.2 MUNISIPALE POLISIEDIENSTE (7/1/2/2-3)
- 5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)
- 5.1.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-1)

Die Direkteur/...

5.1/...

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat verskeie versoeke ontvang is om 'n onderskeid te tref in die statistieke tussen persone wat sonder 'n bestuurslisensie bestuur, en diegene wat wel in besit is van 'n bestuurslisensie, maar dit nie op hom het wanneer gestop word nie. Dit is egter nie moontlik vir 'n beampte om in die veld die onderskeid te bepaal nie en word slegs hoofboetes in die verslag aangedui. Die onus berus op die bestuurder om by die verkeerskantoor bewys te kom lewer van sy bestuurslisensie en om dan vir die laer boete in aanmerking te kom.

Rdl C H H Hunsinger spreek sy misnoeë uit dat daar nie voldoen is aan die versoek om detail inligting te voorsien van waar "vehicle check points (VCP)" opgestel is nie, maar dat bloot die straat en dorp aangedui word.

Rdl D B Philander verneem na die ondersoek aangaande die voorsiening van water aan Jakkalsfontein, waarop die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste antwoord dat die aangeleentheid tydens die begrotingsproses vir die 2013/2014 finansiële jaar aangespreek sal word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl R F van der Westhuizen, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direkoraat Beskermingsdienste en die Direkoraat Ontwikkelingsdienste vir Januarie 2013;

VERDER AANBEVEEL

- (b) Dat die presiese punt, en nie slegs die straat en dorp, waar "vehicle check points (VCP)" opgestel word met ingang van Maart 2013 in die maandverslag van die Swartland Munisipale Polisie diens aangetoon word – sien versoek van rdl C H H Hunsinger hierbo;
- (c) Dat (op versoek van rdl B J Stanley) opgetree word teen persone wat langs die N7 duimgooi;
- (d) Dat (op versoek van rdl D B Philander) die gereelde brand van die staalbak in Alfastraat ondersoek word ten einde te bepaal of die staalbak nog benodig word, aangesien dit telkens 'n uitgawe vir die Raad meebring as die brandweerdienste moet uitgaan om die brand te blus.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 VOORGESTELDE HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 164, CHATSWORTH (15/3/3-2, 15/3/10-2) (WYK 4)

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van erf 164 (groot 892m²) geleë op die h/v Sewendelaan en Chamberlainstraat, Chatsworth vanaf residensiële sone I na sakesone I ten einde 'n woongebou (groot ±40m²) en drankwinkel (groot ±62m²) as vergunningsgebruik ingevolge die soneringskema regulasies te vestig.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl C H Papers)

- A Dat die aansoek vir die hersonering van erf 164 (groot 892m²), geleë op die h/v Sewendelaan en Chamberlainstraat, Chatsworth ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf residensiële sone I na sakesone I ten einde die perseel vir sakedoeleindes en 'n woongebou aan te wend, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

6.1(A1)/...

- (b) dat ten minste 10 op-perseel parkeerplekke met 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy van teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
- (c) dat 'n hoekafstomping van 5m x 5m op die straathoek van erf 164 geskep word;
- (d) dat die betrokke hoekafstomping op koste van die eienaar/ontwikkelaar na Swartland Munisipaliteit oorgedra word, alvorens okkupasie van enige gebou uitgereik word;
- (e) dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie Munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar aan al die voorwaardes voldoen is;
- (f) dat die hersonering ingevolge artikel 16(2) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 2 jaar geldig is;
- (g) dat die beswaarmaker op haar reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

A2 WATER

- (a) dat die erf van 'n enkele wateraansluiting voorsien word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat die voorgestelde ontwikkeling van 'n riooluitsuigtenk met 'n minimum volume van 8 000 liter met 'n koppelstuk wat toeganklik is vir die diensvragmotor vanuit die straat voorsien word;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat 'n basiese vullisverwyderingstarief vir elke wooneenheid en vir elke besigheid gehef word. Die vullistariewe van die besighede sal aangepas word volgens die hoeveelhede verwyder;
- (b) dat 'n geboude vullisarea met skoon lopende water en vuilwater afvoerput wat gekoppel is aan die rioolstelsel, voorsien word;
- (c) dat die vullisarea maklik toeganklik moet wees vir vullisverwyderingswerkers, maar ontoeganklik vir ongewenste elemente en diere;

A5 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde gedeeltes;

B Dat die aansoeke vir 'n woongebou (groot $\pm 40\text{m}^2$) en drankwinkel (groot $\pm 62\text{m}^2$) as vergunningsgebruike, ingevolge paragraaf 4.7 van die artikel 8 soneringskema regulasies van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- (a) dat die woongebou (kombuis en twee slaapkamers) beperk word tot 'n grootte van $\pm 40\text{m}^2$;
- (b) dat die drankwinkel beperk word tot 'n grootte van $\pm 62\text{m}^2$.

6.2 VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKING: ERF 723, YZERFONTEIN (15/3/5-14) (WYK 5)

'n Aansoek is ontvang vir die opheffing van beperking op erf 723, Yzerfontein. Die applikant is van voorneme om die eiendom te hersoneer vanaf residensiële sone I na institusionele sone III ten einde 'n welsynsdiensentrum op te rig sou die opheffing van beperking suksesvol afgehandel word.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aansoek om opheffing van beperkende voorwaarde B3 en B6(a), B6(b)i sowel as B6(b)ii soos vervat in Titelakte T51799/2000 van erf 723, Yzerfontein aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning aanbeveel word.

6.3 WYSIGING VAN DIE ARGITEKTONIESE ONTWERPSHANDLEIDING VAN DIE STRANDVELD VILLA'S: ERF 1366, YZERFONTEIN (15/3/3-14, 15/3/6-14) (WYK 5)

'n Versoek is vanaf die ontwikkelaars, *Yzerfontein Property Developers (Pty) Ltd* ontvang om wysigings aan die argitektoniese ontwerpshandleiding van die Strandveld Villa's te oorweeg.

Die omvang van die voorgestelde wysigings is van so 'n aard dat 'n nuwe argitektoniese ontwerpshandleiding opgestel is.

AANBEVELING

Dat die aansoek vir die wysiging van die argitektoniese ontwerphandleiding ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaarde:

- (a) dat die gewysigde dokument gemerk "D" die argitektoniese ontwerpshandleiding soos goedgekeur deur die Raad op 16 Maart 2011 in totaliteit vervang.

6.4 VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAAS ROZENBURG NO. 771, AFDELING MALMESBURY (15/3/6-15, 15/3/3-8) (WYK 10)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van die restant plaas Rozenburg no. 771 (groot ±19,9ha) geleë in die Malmesbury dorpsgebied vanaf landbousone I na onderverdelingsgebied ten einde nywerheidserwe te skep.

Op navraag van rdl A C Sedeman, bevestig die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dat die detail rondom die deurgangspad en die padreserwe aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word vir oorweging.

AANBEVELING¹

(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

A Dat die hersonering van 'n gedeelte van die restant plaas Rozenburg no. 771 (groot ±19,9ha), geleë in die Malmesbury dorpsgebied ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbousone I na onderverdelingsgebied goedgekeur word ten einde die volgende grondgebruiksregte te skep:

- 19 Nywerheidsone I erwe (gesamentlike grootte van ±17,3ha)
- 1 Vervoersone II erf – pad (groot ±2.6ha)

en dat hierdie goedkeuring onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

- (a) dat die hersonering ingevolge artikel 16(2) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van twee jaar geldig is;

¹ Vervang deur item 6.1.1 van UBK-notule gedateer 13 Maart 2013

6.4(A)/...

- (b) dat die grondgebruike van die nywerheidsone I erwe beperk word tot ligte-/diensnywerhede;

B Dat die aansoek vir die onderverdeling van die restant van plaas Rozenburg no. 771 (groot $\pm 1057,51$ ha), Afdeling Malmesbury ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in 'n restant (± 1037 ha) en gedeelte A ($\pm 19,9$ ha) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaarde:

- (a) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van vyf jaar geldig is;

C Dat die aansoek vir die onderverdeling van gedeelte A ($\pm 19,9$ ha) van die restant plaas Rozenburg no. 771, Afdeling Malmesbury in 20 gedeeltes ($\pm 9150\text{m}^2$ elk) en 'n pad ($\pm 2,6$ ha) ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

C1 STADSBEPLANNING/ BOUBEHEER

- (a) dat die nodige bouplanne by die Departement Ontwikkelingsdienste vir oorweging ingedien word, alvorens met enige bouwerke 'n aanvang geneem word;
- (b) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 5 jaar geldig is;

C2 WATER

- (a) dat die ontwikkeling voorsien word van 'n interne water-verspreidingsnetwerk wat op 'n geskikte plek aansluit by Malmesbury se watervoorsieningstelsel;
- (b) dat die interne en eksterne waterdienste ontwerp moet word deur 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op die Ingenieursprofessie, Wet 46 van 2000. Die ontwerp moet deur die kantoor van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste goedgekeur word en die dienste moet ooreenkomstig die goedgekeurde ontwerp onder die toesig van die ingenieur aangebring word;
- (c) dat die eksterne waterdienste beplan moet word ooreenkomstig die watermeesterplan vir Malmesbury. Hiervoor moet die ontwikkelaar skakel met GLS Raadgewende Ingenieurs vir detail met betrekking tot die watermeesterplan. GLS Raadgewende Ingenieurs moet ook volledig verslag doen ten opsigte van grootmaat waterverspreiding aan die voorgestelde ontwikkeling;
- (d) dat die interne verspreidingsnetwerk en die grootmaat voorsieningsgeleiding deur die Munisipaliteit oorgeneem word;

C3 RIOOL

- (a) dat die ontwikkeling van 'n interne rioolverspreidingsnetwerk wat op 'n geskikte plek aansluit by Malmesbury se rioolverspreidingsstelsel voorsien word;
- (b) dat die interne en eksterne riooldienste deur 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op die Ingenieursprofessie, Wet 46 van 2000 ontwerp word. Die ontwerp moet deur die kantoor van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste goedgekeur word en die dienste moet ooreenkomstig die goedgekeurde ontwerp onder die toesig van die ingenieur aangebring word;
- (c) dat die eksterne riooldienste ooreenkomstig die rioolmeesterplan vir Malmesbury beplan moet word. Hiervoor moet die ontwikkelaar met GLS Raadgewende Ingenieurs skakel vir detail met betrekking tot die rioolmeesterplan. GLS Raadgewende Ingenieurs moet ook volledig verslag doen ten opsigte van grootmaat rioolverspreiding aan die voorgestelde ontwikkeling;

6.4(C3)/...

- (d) dat die interne verspreidingsnetwerk en grootmaat voorsieningsgeleiding deur die Munisipaliteit oorgeneem word;

C4 STRATE EN STORMWATER

- (a) dat alle stormwater vanaf die ontwikkeling ondergronds gevoer word tot die naaste geskikte versamelpunt;
- (b) dat die ontwikkelaar die voorgestelde ontwikkeling voorsien van 'n ondergrondse stelsel wat vloedgroottes tot en met die 1:5 jaar vloed kan akkommodeer;
- (c) dat die ontwikkelaar die voorgestelde ontwikkeling voorsien van bogrondse ontsnaproetes wat vloedgroottes tot en met die 1:50 jaar vloed kan akkommodeer;
- (d) dat die interne paaie en stormwaterstelsel deur die Munisipaliteit oorgeneem word;
- (e) dat die ontwikkelaar 'n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die paaie en stormwaterafvoerstelsel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê vir goedkeuring en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die paaie en stormwaterafvoerstelsel;

C5 ELEKTRISITEIT

- (a) dat volledige ingenieursplanne vooraf aan die Munisipaliteit voorgelê moet word, aangesien daar 'n mediumspanning netwerk geskep moet word vir die voorgestelde ontwikkeling. Die werklike kostes in verband met die skep van die netwerk is vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar;

C6 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehêf word;
- (b) dat die vullisverwyderingstarief vir besighede aangepas sal word volgens die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

C7 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

C8 KAPITAALBYDRAES

- (a) dat die ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distriksmunisipaliteit op R9 815,40 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R9 815,40/kl AADD, BTW ingesluit). Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die 2012/2013 finansiële jaar en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
- (b) dat die vaste kapitaalbydraes ten opsigte van grootmaatsdienste betaalbaar is ooreenkomstig die Munisipaliteit se "Greenfields" beleid vir die heffing van vaste kapitaalbydraes en sal dit bereken word sodra inligting met betrekking tot die dekkingsoppervlakte beskikbaar

6.4(C8)(b)/...

gemaak word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium;

C9 ALGEMEEN

- (a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien dit vir die koste van die ontwikkelaar sal wees;
- (b) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15 van 1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie;

C10 DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGS-BEPLANNING

- (a) dat daar aan die voorwaardes soos opgelê deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning in die omgewings-goedkeuring gedateer 26 November 2012, met verwysings nommer [E12/2/4/1-F5/14-3115/11] voldoen word;

C11 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

- (a) dat ingevolge artikel 17 van Ordonnansie 19 van 1976 is daar 'n 5m boulyn van toepassing langs Afdelingspad 1164;
- (b) dat ingevolge artikel 9 van Wet 21 van 1940 is daar 'n 95m boubeperkingslyn langs Afdelingspad 1111;
- (c) dat die onderverdeling geskied soos voorgehou in hierdie aansoek;
- (d) dat geen nuwe toegange geskep of bestaande toegange verander word sonder die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke nie;
- (e) dat hierdie goedkeuring slegs betrekking het op die voorgelegde aansoek en behels nie vrystelling van enige ander wetlike voorskrifte nie;

C12 DEPARTEMENT VAN WATERWESE

- (a) dat enige ontwikkeling binne die 1:100 jaar vloedlyn of rivier-oewer habitat 'n watergebruik lisensie benodig in terme van artikel 21 (c) en (i) van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) en sal dit eers goedgekeur moet word voordat enige ontwikkeling mag voortgaan. Die ontwikkelingsplan wat beide die 1:50 jaar vloedlyn en 1:100 jaar vloedlyn aandui moet beskikbaar gestel word aan die Departement van Waterwese;
- (b) dat geen besoedeling van oppervlakwater of grondwaterbronne deur die aktiwiteite op die eiendom(me) mag plaasvind nie;
- (c) dat olie van die voertuie op die perseel beheer moet word om so besoedeling van waterbronne te verhoed;
- (d) dat maatreëls om die onwettige storting van konstruksiemateriaal te verhoed in plek gestel moet word, siende dat dit mag lei tot die besoedeling van oppervlak afloopwater;
- (e) dat stormwaterafloop beheer moet word om te verseker dat die aktiwiteite op die terrein nie sal lei tot besoedeling êrens anders nie;
- (f) dat geen oppervlak- of ondergrondse water onttrek mag word sonder die nodige toestemming wat vooraf vanaf die Departement verkry moet word, behalwe as dit 'n skedule 1 gebruik of 'n bestaande wettige gebruik is;

6.4(C12)/...

- (g) dat soliede afval gestort word by 'n lisensieerde stortingsterrein en bestuur word volgens die voorskrifte van die relevante wetgewing;
- (h) dat alle relevante artikels en regulasies van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) met betrekking tot die gebruik van water aan voldoen moet word.

6.5 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 422, MALMESBURY (15/3/3-8) (WYK 10)

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van erf 422 (groot 1036m²) geleë op die h/v Biccard-, Mark- en Roodstraat, Malmesbury vanaf algemene woonsone na sakesone ten einde die perseel vir professionele kantore aan te wend.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die aansoek vir die hersonering van erf 422 (groot 1036m²) geleë op die h/v Biccard, Mark- en Roodstraat, Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf algemene woonsone na sakesone ten einde die perseel vir professionele kantore aan te wend, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die eienaar/ ontwikkelaar die nodige bouplanne vir die omskepping van die gebou in kantore by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging indien;
- (b) dat die goedkeuring van Erfenis Weskaap verkry word alvorens bouplangoedkeuring kan geskied;
- (c) dat ten minste 9 op-perseel parkeerplekke ooreenkomstig voorwaarde A4(a) voorsien word;

A2 Water

- (a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele wateraansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele rioolaansluitings voorsien sal word nie;

A4 STRATE EN STORMWATER

- (a) dat die parkeerarea voorsien word van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton, plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
- (b) dat stormwater weggevoer word na die naaste geskikte versamelpunt in die straat;

A5 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke besigheid gehef word wat aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op die oggend van verwydering geplaas word;

A6 ELEKTRISITEIT

- (a) dat die elektrisiteitstarief aangepas word na die tarief soos van toepassing op besighede. Hiervoor moet daar met die Departement: Finansiële Dienste geskakel word;

A7 ALGEMEEN

- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie Munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar aan al die bogenoemde voorwaardes voldoen is.

6.6 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 7862, MALMESBURY (15/3/3-8) (WYK 11)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 7862 (groot $\pm 22\text{m}^2$) geleë te Visarendstraat, Malmesbury vanaf enkelwoningssone na sakesone ten einde 'n drankwinkel te bedryf.

Die bestaande geboue is reeds ongemagtig in 'n drankwinkel omskep en is die winkel reeds in bedryf met die nodige dranklisensie.

AANBEVELING [ondersteun deur die wykskomitee van wyk 11]
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

- (a) Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 7862 (groot $\pm 22\text{m}^2$) geleë te Visarendstraat, Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf enkelwoningssone na sakesone ten einde 'n drankwinkel te bedryf vir die volgende redes afgekeur word:
 - (i) die voorgestelde drankwinkel (sakefunksie) is nie versoenbaar met die enkelwoning (lae-koste behuising) karakter van die omgewing nie;
 - (ii) die voorgestelde drankwinkel (sakefunksie) is nie versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Malmesbury nie;
 - (iii) erf 7862 is nie langs 'n aktiwiteitstraat of binne 'n bestaande sakenodus geleë nie;
- (b) Dat die SAPD skriftelik in kennis gestel word van hierdie besluit ten einde die hernuwingsaansoek van die bestaande dranklisensie op erf 7862 teen te staan;
- (c) Dat die applikant op sy reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word.

6.7 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 72, RIEBEEK-KASTEEL (15/3/3-11) (WYK 12)

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 72 (groot 3325m^2) geleë op die h/v Hoof- en Sarel Cilliersstraat, Riebeek-Kasteel vanaf residensiële sone I na sakesone I.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 72 (groot $\pm 3325\text{m}^2$) geleë op die h/v Hoof- en Sarel Cilliersstraat, Riebeek-Kasteel ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf residensiële sone I na sakesone I, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat alle toekomstige ontwikkelings op die perseel voldoen aan die sakesone I soneringsparameters soos van toepassing op Riebeek-Kasteel;
- (b) dat toekomstige sakegebruik op die perseel slegs vanaf formele geboude strukture mag geskied;
- (c) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (d) dat die eienaar by Swartland Munisipaliteit aansoek doen vir 'n handelslisensie en by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir 'n geskikheidsertifikaat indien nodig;
- (e) dat die nodige aansoek om advertensietekens te vertoon aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word;

A2 WATER/...

6.7/...

A2 WATER

- (a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat daar van die bestaande riolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde hersonering veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;

- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel

A5 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke besigheid gehef word en dat die tarief aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

A6 ALGEMEEN

- (a) dat hierdie goedkeuring geldig is vir 'n tydperk van twee jaar ingevolge Ordonnansie 15 van 1985 en dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie Munisipaliteit skriftelik in kennis moet stel voor die verstryking van die goedkeuringstydperk dat daar aan al die voorwaardes voldoen is.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE